

**3 Februarie 2014**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 32:24-33 (1933/53- of 1983-vertaling)  
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 32:24-26, 31**

**Die ware toets van ons dankbaarheid is wanneer dit goed gaan ...**

Die ware toets van ons dankbaarheid is wanneer dit met ons goed gaan. Te midde van voorspoed is ons al te maklik geneig om die Here te vergeet. Wanneer ons gesondheid geniet, elke dag kos op die tafel het en 'n belegginkie weggesit het, is dit al te maklik om hoogmoedig of selfingenome te raak.

Dit was presies Hiskia se sonde. Hy was skatryk en het groot aansien geniet; hy het allerlei opslagplekke gehad vir sy voorspoed; hy was voorspoedig in alles wat hy gedoen het (2 Kron. 32:27-30). Toe hy dodelik siek geword het, het die Here sy lewe met 15 jaar verleng en hom 'n wonderteken as bewys hiervan gegee (2 Kon. 20:1-11). 'n Uiteraars geseënde man. Maar juis sy sukses en voorspoed het gemaak dat hy hoogmoedig en selfingenome geword het. Dit het veral geblyk by die besoek van die gesante van die koning van Babel: Hiskia het hulle vir ure al sy skatte gewys, maar nie één keer die Here erken as die Een wat hom hierdie skatte gegee het en sy lewe gespaar het nie. Hy fokus eensydig op sy eie prestasies; hy laat dit klink of dit alles aan homself te danke is. God het hom getoets, en Hiskia het die ware toets van sy dankbaarheid gedruip ...

Besef daarom vandag: die ware toets van ons dankbaarheid is nie noodwendig wanneer dit swaar gaan nie, maar wanneer dit goed gaan met ons. Hoe goed dit ook al gaan, ons moet altyd erken dat ons alles uit die hand van die Here ontvang. Ons voorspoed, ons verlossing in Christus, die inwoning van die Heilige Gees – ja, elke greintjie van ons lewens – is nie aan onself te danke nie, maar is alles slegs genade vanaf ons hemelse Vader.

Sing: Psalm 72-1:10 (1936)

Ds AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)